S.A. SUIWEL SWITSER TELERSGENOOTSKAP
S.A. DAIRY SWISS BREEDERS' SOCIETY

Henry Straat 118 / Henry Street 118
Posbus / P.O.Box 1225
Bloemfontein 9300
Tel: 051 - 410 0953 & Faks: 0866645317
E-Pos / E-Mail : swiss@studbook.co.za

9 Maart 2012

Geagte S.A. Suiwel Switser Teler

**S.A. SUIWEL SWITSER NASIONALE KAMPIOENSKAP 2012**

Soos voorheen aan u oorgedra gaan ons vanjaar weer `n Nasionale Skou Kampioenskap aanbied. Hierdie geleentheid is vir die Telersgenootskap `n baie belangrike bemarkingsgeleentheid en so ook goed vir telers om hulle van hulle beeste se gehalte te vergewis en vir gesonde samesyn.

Daar is besluit op die Royal Skou te Pietermaritzburg, vir verskeie redes waarvan die belangrikstes is: Dis `n Landbou skou met baie goeie bywoning deur boere, dit is in te midde van die grootste uitbreidings in die S.A. suiwel bedryf huidiglik, daar is baie belangstelling in ons ras vanaf Kwa-Zulu Natal melkboere wat ons ras kan baat en die R.A.S. lewer `n groot finansiële bydrae tot die aanbied van die geleentheid.

Die ras en Telersgenootskap gaan huidiglik onder geweldige druk t.o.v. lede talle en diere getalle. Daarom wil ons `n groot poging aanwend om die situasie te verbeter en glo ons dat deur positiewe blootsteling op so `n forum (Royal Skou) ons dalk sukses mag hê hierin. Ons besef dat dit `n groot opoffering en koste vir telers is om deel te neem, maar dit is noodsaaklik vir die ras om op `n gereëlde grondslag so `n skou aan te bied. Ons doen `n ernstige beroep op alle telers om asseblief te kom deelneem, al is dit net met een versie!!

Die datum van beoordeling sal Woensdag 30 Mei wees en sal om 09:00 in aanvang neem. Ons is bevoorreg om die dienste van `n Internasionale beoordelaar tot ons beskikking te hê. Die kampioen diere sal Donderdag 31ste Mei aan die “Gold Cup” op Interras klasse deelneem, met die bekendmaking van uitslae die aand by `n glans geleentheid. Ons sal self graag na afloop van ons kampioenskappe die aand van 30 Mei ook `n geselligheid reël waarby ons, ons toekennings sal behartig en gesellig saam sal kuier.

Praktiese Reëlings:

1. Beeste moet op die laatste Maandag, 28ste Mei op die terrein wees en mag nie verwyder word voor Vrydag, 1ste Junie nie. Onthou verwyderings permitte.
2. Alle diere moet TB en Besmetlike misgeboorte negatief getoets wees.
3. Ouderdomme sal bereken word teen ouderdom soos op 1 Mei 2012.
4. Alle Hulpstamboek A & B, sowel as SP diere sal in dieselfde klasse deelneem.
5. Die normale reëls en regulasies van die Royal Landbougenootskap sal van toepassing wees. Sien aangehegte dokumente.

6. Inskrywings gelde sal R100 per dier beloop en is betaalbaar aan die S.A. Suiwel Switser Telersgenootskap en moet u inskrywings vergesel. Die Telersgenootskap sal op sy beurt vir R.A.S. betaal.
7. Inskrywings sluit stiptelik op 26 April 2012.
8. Inskrywings sal bestaan uit ondertekende dokument soos volg
   a. R.A.S. Declaration by exhibitor.
   b. S.A. Suiwel Switser Inskrywingsvorm.

Dokumente wat hierdie skrywe sal vergesel:
1. R.A.S. Declaration by Exhibitor
2. R.A.S. Rules & Regulations
3. R.A.S. Dairy Interbreed
4. Inskrywingsvorm
5. Lys van klasse

Dankie vir u deelname

Die uwe

Anton Smit
President